## 1. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Adam en Eva doen sonde – Genesis 3

Toe God Adam en Eva in die tuin laat bly het, het Hy hulle alles gegee wat hulle nodig het. Hulle mag van al die vrugtebome eet, behalwe van een. Dit is die vrugte van die boom van kennnis van goed en kwaad. "Hierdie vrugte mag julle nie eet nie," het God gesê. "As julle dit doen, sal julle sterf."

Eendag het 'n slang vir Eva kom sê: "Jy sal nie sterf as jy van hierdie vrugte eet nie. Jou oë sal oopgaan, en jy sal net so slim soos God wees."

Eva het die slang geglo. Die vrugte het so lekker gelyk dat sy daarvan geëet en ook vir Adam gegee het om te eet. Adam weet wat God gesê het, maar hy eet ook van die vrugte. Skielik het hulle agtergekom dat hulle nie klere aanhet nie. Hulle was skaam en het vir hulle klere van vyeblare gemaak.

Daardie aand het Adam en Eva vir God weggekruip. "Waar is julle?" het God geroep.

Toe vertel hulle vir God wat gebeur het. "Jy sal op jou pens seil en stof eet," het God vir die slang gesê. "Jy en die vrou se kinders sal altyd vir mekaar bang wees."

"En jy sal baie pyn hê wanneer jou kinders gebore word," het God vir Eva gesê, en vir Adam: "Jy sal hard moet werk vir jou kos, en wanneer jy doodgaan, sal jou liggaam teruggaan in die aarde waarvan Ek dit gemaak het."

God het Adam en Eva toe uit die tuin laat uitgaan en engele aangestel om hulle daar uit te hou. Daar was ook 'n vlammende swaard wat moes keer dat hulle van die vrugte van die boom van die lewe eet. As hulle daarvan sou eet, sou hulle vir altyd leef, maar nie soos God dit wou hê nie. Hulle gelukkige tyd in die tuin van Eden was nou vir altyd verby.

## 1. Adam en Eva doen sonde – Genesis 3

**Inleidende Aktiwiteit:**

Watter reëls is daar in julle huis? Skryf dit op 'n blaai neer. Kies saam uit die lysie die drie belangrikste.

**Vrae:**

- Hoekom het julle hierdie reëls?
- Wat kan gebeur as ons nie luister nie?
- Wat gebeur met iemand wat nie luister na hierdie reëls nie?

God gee vir ons ook reëls om te volg. Wanneer mense na God se reëls luister, gaan dit goed in die wêreld. Wanneer ons kies om nie na God te luister nie, doen ons sonde.

Lees nou saam die gedeelte – Adam en Eva doen sonde.

**Vrae:**

1. Waaroor het ons storie gegaan vandag? (Die tuin van Eden, Adam en Eva wat God se reel gebreek het en die straf.)
2. God het gesê dat Adam en Eva van al die bome se vrugte kon eet behalwe een. Watter boom mag hulle nie die vrugte van geëet het nie? (Die boom van kennis van goed en kwaad.)
3. Hoekom dink julle het God hierdie reël gemaak? (Om hulle te beskerm – sodat hulle nie sleg sal ken nie.)
4. Wat het God gesê sal gebeur as hulle eet van die boom van kennis van goed en kwaad? (Hulle sou sterf.)
5. Wat het gebeur toe Adam en Eva nie na God geluister het nie? (God het hulle gesê om die tuin te verlaat, die lewe het baie swaarder/harder geraak vir hulle en die mense sou nou sterf.)
6. Wat is 'n ander woord vir nie luister na God se reëls nie? (Sonde)

**Aktiwiteit:** Speel saam Rock/Paper/Scissors of enige bord speletjie.

Sodra julle moeg gespeel is vra of die speletjie dieselfde sou wees sonder die reëls?

In die lewe is dit ook so dat dinge beter werk met reëls. God se reëls is daar om ons veilig te hou.

**Gebedsgids**